
# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

Mei 2017
Jaargang 33
Nr 2




## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie
2. Skrifoordenking- Ds. Neville Boy
3. Nuus uit die gemeente- Kitty van der Walt
4. Spoghoekie – Anna Scheepers
5. Maak skerp jou potlood- Jaco Venter
6. Onverwagse Liefde – Breg Venter
7. Getuienis van die GKSA met betrekking tot omgewingssake
8. Diakonie – Dirk Coetzee
9. Valse Skrifberoep – Jan du Toit Ouderling Toerusting
10. Gereformeerde Kerk Ysterberg se Kerkgebou vorder - Ds. Dirk Laufs
11. Reseptehoekie- Erica Erasmus
12. Maak jou eie hangbed – Erica Erasmus

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

# Redaksioneel

Is jy gereed vir die Doppermark? Ons jaarlikse feesviering as gemeente is 'n groot hoogtepunt vir baie van ons. Hierdie jaar beloof om weer 'n heerlike fees te wees met bekostigbare vleis, heerlike gebak, klein koekies, handwerk en lekker eetgoed vir die dag. Dié jaar, het ons 'n ordentlike poedingtafel. As jy nog nie 'n gaatjie het waar jy kan help nie skakel asb in en vra waar kan jy deel wees. Dit is 'n lekkerte om deel te wees van 'n span wat heerlik kuier terwyl daar gebak en verkoop word.

As jy dink jy het ietsie wat jy kan maak om te verkoop, bring dit asb . Indien jy 'n wit olifant kalfie of bul het is jy welkom om dit te bring vir die veiling. Die Kerk vat net 10 % van die verkoop prys en die res is vir jou sak. Bring daai goedjies wat net in jou kas lê en stof vergaar dalk kry jy 'n rand of drie wat 'n ander gat kan toestop. Hierdie week gaan die Susters koekiesbak vir die Doppermark en hande word benodig asb. Al weet jy niks van koekiesbak af nie..kom smeer die "jam" op of pak die koekies in die sakkies of draai die linte om die sakkie.Daar is 'n werkie vir elke een se vermoë.(Al kan jy soos ek net koffie maak vir die hardwerkendes).

Daar word ook hande by die vleiswerk benodig. Indien jy daar kan help skakel met Dirk Coetzee.

Die Ramshoring is geseënd met wonderlike bydrae. Elke artikel het 'n kosbare boodskap wat beslis as kos dien vir die koue winter wat voorlê.

Lees van Tannie Anna Scheepers se staaltjies oor haar kinders , Tannie Breggie se mooi belewenis nadat sy 'n ryloper 'n geleentheid dorp toe gegee het. Die pragtige stuk toerusting wat Oom Jan gedeel het op die Ouderling vergadering. Sien ook hoe die bouwerk aan die Ysterberg Kerk vorder.

Ons pragtige model vir die voorblad is Antjie Potgieter wat verlede jaar tydens die Doppermark 'n kettie skiet kompetisie behartig het vir die jong manne. Hierdie jaar gaan daar 'n pretdraf wees wat deur Shape up Gym aangebied gaan word. Moenie dit misloop nie. Dit gaan groot pret wees. Bring al jou vriende en familie om te kom deelneem.

**Groete**
**Die Redaksie**
Daleen Venter



## Skrifoordenking

Neville Boy

**Lukas 17: 11 – 19**

**Die Here red dié met 'n ware geloof**

Inleiding

Wat maak jy as gelowige met die verlossing wat jy ontvang het? Is jy werklik dankbaar vir wat Christus vir jou gedoen het? Hoe is jy dankbaar, en hoeveel tyd is jy bereid om saam met die Here deur te bring?

In hierdie gedeelte wat ons lees word die ware dankbaarheid van God se kinders vir ons geskets, en ook die lewe van mense wat bely dat hulle kinders van God is, maar hulle dankbaarheid wys dit nie.

Jesus Genees Tien Melaatses

In vers 11 lees ons dat Jesus op pad is na Jerusalem. Daar sou Hy die Paasfees vier en uiteindelik gekruisig word. Terwyl Hy by een van die grensdorpies tussen Galilea en Samaria wou ingaan, tref hy 10 melaatses daar aan. Die gebruik in daardie tyd was dat alle melaatses buite die dorp moes bly omdat die siekte aansteeklik was. Hulle kon daar van mense op 'n afstand bedel. Die mense kon iets vir hulle langs die pad neersit, en hulle kon dit gaan haal nadat die mense wegbeweeg het. Hier roep die tien melaatses na Jesus en vra nie dat Hy hulle genees nie, maar dat Hy hulle barmhartig moet wees.

Hulle moes gehoor het van Jesus se vermoeë om mense gesond te maak. As hulle Hom groet dan noem hulle Hom ook Meester. Die gedagte is dat Hy hulle op een of ander manier moet help. Diep binne hulle egter is daar die begeerte dat Hy hulle moet genees al word dit nie gesê nie.

Jesus sien hierdie begeerte raak, en Hy weet dat dit deel van sy werk is om mense gesond te maak.  Hy het hulle innig jammer gekry, en stuur hulle weg om hulleself aan die priester te gaan wys.  Op pad, raak die 10 melaatses gesond.  So word die genade van God aan hulle bewys, en word almal van hulle gesond.  Hulle moes geglo het dat Christus hulle gesond kon maak, anders sou hulle nie gesond geword het nie.

In ons eie lewe is die geloof daar, deurdat ons erken dat Jesus Christus ons verlosser is.  Ons is bereid om te bely dat Hy die enigste een is by wie daar verlossing te vinde is.  Maar tragies genoeg is dit waar dit bly.  Geloof, en God se bewys van genade aan jou vra egter veel meer as dit.  Dit vra nie ‘n agteroor sit in die wete dat my saak nou met die Here reg is nie.  Geloof beteken nie dat ons op die punt gekom het dat alles nou reg is en daarom word daar geen verdere insette van my gevra nie.

Wat word dan verwag?

Daar moet Blydskap en Dankbaarheid oor ons Redding wees

Die reaksie van een man is die toonbeeld van hoe die geloof moet uitmond in blydskap en dankbaarheid.  Toe een man sien dat hy gesond is, het hy omgedraai en voor Jesus se voete neergeval en God geprys, en gedank.  Hy was boonop ‘n Samaritaan gewees, iemand wat as ‘n vyand van die Jode beskou is.

‘n Mens sou verwag dat hulle wat God werklik moes ken, sou omdraai en die Here dank.  Maar dit is juis die een van wie dit die minste verwag word wat omdraai.  Hy het waarskynlik nooit verwag dat God aan hom genade sou bewys nie.  Hy het nooit verwag dat God ooit aan hom sou dink nie.  Nou dat God hom gesond gemaak het, het hy genoegsame rede om dankbaar te wees.

Wat hy gedoen het was nie iets groot nie.  Dit het nie baie moeite of tyd gevra nie.  Ek en jy as gelowiges is baie keer nie bereid om die Here te dien in die klein dinge nie.  Ons is baie keer soos die nege ander



melaatses wat weggaan met groot dankbaarheid in die hart, maar God self ontvang niks daarvan nie.

Hulle was bereid om hulle deur die priester te laat ondersoek, om reinigingsoffers te bring, om selfs ander daarvan te vertel, maar aan die Here is daar geen dank daarvoor bewys nie.  Ek en jy is so bly oor ons redding, en al die genade wat God bewys, maar daar is nooit genoeg tyd om God self daarvoor te dank nie.

Ons kom agter in Jesus se reaksie dat Hy teleurgesteld is.  Was daar dan nie tien altesaam nie.  Waarom kom net een terug, en dit ‘n Samaritaan?  Wat Jesus teleurstel is die feit dat die eer van God geskend is.  Hy ontvang nie die ware dank wat Hom toekom nie.  Maar hierdie man kan huis toe gaan want sy geloof het hom gered.  Daar word nou verdere genade aan hom bewys dat hy nou die ware verlossing in Jesus Christus ontvang.  Nou ook is hy van binne gesond in sy eie geestelike lewe.

Wat duidelik uit hierdie gedeelte na vore kom is die feit dat geloof sonder dankbaarheid nutteloos is.  Werklike reddende geloof sluit ware dankbaarheid in, en die een kan nie sonder die ander een toegepas word nie.

Jesus Christus het werklik aan jou sy verlossende genade bewys, en geskenk.  Maar hoe dank jy God daarvoor?  Hoeveel tyd is jy bereid om aan God deur te bring?  Hoe is jy bereid om Hom te eer?  Dit vra nie baie nie.  Net in die klein dinge, net ‘n bietjie tyd elke dag, en op ‘n Sondag om in die Kerk te wees.  Maar ons het nie genoeg tyd, nie vir Bybelstudie, nie vir Kerk toe gaan, nie vir bydra gee, huisgodsdiens en noem maar op.  Ons het egter hope tyd vir ons besigheid, vir ons boerdery, vir ons ontspanning, en ons sport.  Getuig dit van ware dankbaarheid?

Jou lewe moet ware blydskap en dankbaarheid aan die Here bewys vir die verlossende genade wat God bewys.  Gaan kyk hoe jy dit doen, en aak seker dat dit op die regte manier met die regte gesindheid geskied.

# Nuus uit die gemeente



## *Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*

- **Marthie Erasmus** 82 jaar - **24 Mei**
- **Hannetjie du Plessis** 82 jaar – **27 Mei**
- **Cor Erasmus** 91 jaar – **27 Mei**
- **Anna Scheepers** 91 jaar - **2 Julie**
- **Chris Ehlers** 88 jaar – **9 Augustus**
- **Cielie van der Linde** 82 jaar – **10 Augustus**

***Van harte geluk! Mag u elke dag in u nuwe lewensjaar God se seën vol van genade, gesondheid, geluk en vrede ervaar.***

## *Attestate*

### *Hartlik welkom aan nuwe intrekkers*



***Met attes aangesluit***

- Sr. Heiletjie Leviena Etrechia Dreyer gebore Du Plessis, GK Krokodilrivier, wyk Koedoeskop.

***Opgeneem***

- Br. Constand Swart en dl. Marchelle Swart, wyk Tbz Sentraal.
- Br. Stephanus Johannes Boshoff, wyk Boschfontein.
- Br. Francois Benson en egg. Heila Maria Margarieta gebore Boshoff, wyk Boschfontein.
- Sr. Sonja Swanepoel en 2 dooplidmate, Barend Johannes en Christiaan Jacobus Vorster, wyk Tbz Sentraal.



# In Herinnering

## Heila Magdalena Venter (gebore Du Plessis)

13/04/1930 – 9 Maart 2017



Heilie Venter is gebore op 13 April 1930 op die plaas Tygerkloo, distrik Thabazimbi. Sy was die oudste van ses kinders van Casper en Nelie du Plessis. Sy het haar skoolloopbaan van Gr 1 - Gr 6 by Maroelasfontein skool voltooi. Sy het belydenis van geloof by Gereformeerde Kerk Drieviersboom afgelê.

Toe sy vrybaar geraak het, het die jongman Ockert Venter van die buurplaas kom kuier en is hulle Desember 1947 getroud. Uit hierdie huwelik is daar 6 kinders gebore. Twee seuns en 4 dogters. Haar man is op 15 Maart 1992 oorlede en sy het op die plaas Hartebeeskopjes saam met haar seun in twee aparte huise gebly waar sy haarself nog kon help.

Op 22 November het haar gesondheid verswak en is sy opgeneem in Swartklip hospitaal en daarna oorgeplaas na Eugene Marais hospitaal. Toe sy ontslaan is het haar 2 dogters haar in Potchefstroom versorg.

Sy laat 5 kinders, 16 kleinkinders en 17 agterkleinkinders na.

Hier volg 'n briefie van een van haar agterkleindogters wat weerspieël wat se tipe mens Heilie Venter was.

Afskeidsbrief aan Ouma Heilie

Hier sit ek met trane in my oë want my gunsteling “ouma grootjie” het my verlaat...!! My hart is gebreek en ek is teleurgesteld...Ouma wat altyd gelag het, met die honde raas as hulle in Ouma se tuin gate grou, met oom Polly die gek skeer, my geleer biscuit bak het, altyd Ouma se lewens lesse gedeel het, Ouma se verlede en liefdes lewe gedeel het, ou dae se skandes en stalkies vertel het.. Ouma wat altyd daar was om te luister en mening te gee en nie mee die Ouma wat eke di laaste paar dae gesien het en van gehoor het nie...
Dit bring hartseer in my hart as eke dink aan hoe Ouma moes ly...!!
Hartseer in my hart om te weet dat ek nooit wee my ou Ouma gaan sien en beleef nie...hartseer om te dink dat Ouma ni my gaan sien met my matriekafskeid of even my troue nie...Eke weet dat Ouma baie moeg was, maar eke kan nie dink wat ons gaan doen nou dat Ouma weg is...Ek gaan Ouma elke keer miss met almal se verjaarsdae wat Ouma altyd so grasieus onthou...en dan altyd gebel het om jou daggie op te kukker...!! Eke gaan aan Ouma dink wane eke koekies bak, brood bak of net na ‘n pragtige foto kyk van Ouma...Eke sal Ouma onthou as die grasieuse, fikse, pragtigste, liefdevolle, goedhartige en slimste Ouma in di ganse wêreld...eke sal al Ouma se lewens lesse en raad altyd naby my hart dra...
Hierdie Ouma wat altyd mense in nood wou help wat al deur so bitter hartseer in haar lewe is het net die beste verdien en ons het dit vir Ouma gegun...weet net dat eke Ouma onbeskryflik baie gaan miss...en om die waarheid te sê weet eke nie hoe gaan dit wees nou dat Ouma nie meer met ons is nie. Ouma was ‘n wonderlike toonbeeld van ‘n vrou en ek is soo trots op als wat Ouma gedoen het in di lewe wat Ouma gehad het...Baie dankie vir alles wat Ouma al ooit vir my gedoen of geleer het...al het eke dit nie baie gesê nie, het dit vir my rerig baie beteken. Eke sal altyd Ouma se lag en liefde onthow soos Ouma dit wil hê.
Eke het so gehoop en BID dat Ouma gesond sal word...maar net ons PAPPA GOD kon daaroor besluit...en eke weet dat Hy nou een van Sy pragtige pêrels kom haal het.
Hierdie briefie is met liefde aan di beste “Ouma grootjie” geskryf... en weet net eke is sooo lief vir Ouma
Liefde: Ouma se agterkleinkind

CarlaXXXXX



# Spoghoekie

Dit is altyd lekker om stories van die verlede te hoor. Dit maak dit dubbel lekker as die stories is van mense wat ons ken. Trippel lekker as dit sê goed van kinders is. Hier is oulike herinneringe van Tannie Anna Scheepers oor die tydperk wat die Thabazimbi Kerk gebou is en en Ds. Scheepers hier predikant was. Geniet haar onthou blokkies:

**Ou Herinneringe**

As ‘n mens oud en alleen is, dink jy baie terug aan jare lank gelede. Toe ons kerk gebou is, het Lukas saam met sy pa daar geloop en kyk wat gedoen word. Daar is diep gate gegrawe om die pilare van die dak te stut. As hulle so loop vra Lukas vir sy pa: Pappa wat maak hulle hier? Hulle gaan ‘n Kerk bou my seun. Lukas Is dit dan ‘n gat Kerk Pappa?

Voor die Kerk in gebruik geneem is was ons een middag in die gebou. Die argitek het gesê die akoestiek van die gebou sal baie goed wees. Toe laat ons Lukas op die preekstoel staan en ons ander staan heel agter in die Kerk. Lukas se twee bruin oë kom net bokant die kateder uit en hy sê: “Soos ‘n hert in dorre streke” ens. En ons daar agter kan duidelik elke woord hoor.

Gideon was weer ‘n ander outjie. Toe ds. Dirk proponent was en op die preekstoel klim sê Gideon so ewe: “ Gaan hierdie ou seuntjie vandag vir ons preek?”

Een Sondag was hy saam met sy pa. Sy pa het die oggenddiens in Matlabas kerk waargeneem en die middag by Makoppa. Die aanddiens in Thabazimbi. Toe sê hy so ewe: Dit is dan die derde keer wat ek hierdie preek hoor.

‘n Week voor Gideon oorlede is, vertel hy vir my die eerste ding wat hy kan onthou: Hy het met sy bottel in die kot gelê. Toe hy opstaan en oor die kant van die kot kyk, sien hy sy broer Louis in ‘n ander kot langs hom lê: Toe sê Louis vir hom: “Hei”

# Maak jou potlood skerp



Hoekom loop Jan van der Merwe op sy hande in die huis rond?

**Sy vrou het gesê hy sit nie weer 'n voet in die huis nie.**

Wie in die rugbyspan is die middelpunt van die aandag?

**Die senters!**

Wat lyk soos 'n  halwe kat? **Die ander helfte.**

"Kelner waarom lê die kos alles aan die eenkant van my bord?"

**"Meneer het gesê ek moet blitsvinnig maak."**

Gas met spyskaart in die hand: "Kelner het jy paddaboutjies?"

**"Nee Meneer! Dit is rumatiek wat my so laat loop."**

"Verskoon tog, meneer, hoe het u die vleis gevind?"

**"Wel, ek het die ertjie opgelig, en daar lê die vleis!"**

"Dokter dokter ek voel soos 'n speld!"

**D: "Ek sien jou punt in."**

"Dokter Dokter ek dink ek is 'n boek."

**D: "Wel sit en vertel my jou storie."**



# Onverwagse Liefde

So ry ek een oggend op die plaaspad dorp toe. Ek ry verby 'n man wat flink stap en ek sien hy is nogal bejaard. Ek stop en stoot terug.

Die passasiers sitplek voor is oorlaai met lêers en dokumente en hy sê hy sit sommer agter. Ons begin praat oor die geweld, misdaad, oorloë, aardbewings en rassehaat wat hoogty vier en ek sê baie wys "Weet jy - al die dinge is skrif aan die muur waarvan die Bybel praat. 'Ja" sê hy en ons praat oor die Skrif, die tekens en troos en ons besluit ons moet God elke dag loof vir sy genade.

"Waar wil jy wees in die dorp" vra ek. "Ek sal gaan tot waar jy gaan" antwoord hy.

Voor ABSA draai ek om in my sitplek en hy sê: "Let us pray." Daar sit ons voor die bank in die motor, my wit hand in sy swart hand – een in Christus en saggies bid hy: "Our Lord and heavenly Father; we praise you, we thank you for your grace bestowed on us.  Forgive us our daily sin and may the blood of Christ also include this lady in this car – keep her safe."  Amen

Ons klim uit en ek vra "Wat is jou naam, ek is Venter."  "My naam is Isaac. Pastor Isaac."

Breg Venter

(Dankie Breggie vir hierdie mooi getuienis.  As jy 'n mooi storie het van iets wat met jou gebeur het, wat ander kan bemoedig (deel dit asb met ons).

## Getuienis van die GKSA met betrekking tot omgewingssake

Die volgende getuienis oor omgewings sake was deur die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika in 2012 aanvaar en gepubliseer as beskrywingspunt 25.5 (pp. 512-513) in die "Handeling van die tweede algemene sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gehou te Potchefstroom op 4 Januarie 2012 en volgende dae" (Webskakel: https://www.gksa.org.za/pdf/sinode%20argief/Sinode+2012.pdf)

**Openbare getuienis oor die ekologiese krisis vanuit Suid-Afrika**

**Ons bely**

1. dat die goeie God die planeet aarde en die groot heelal geskape het en dat die aarde en die volheid daarvan aan Hom behoort; Hy is die groot Eienaar en Regeerder van alles (Gen 1,2, Jes 40:26, NGB, art 12, HK, So 9)
2. dat Hy die mens na sy beeld geskape het en aan die mens die opdrag en verantwoordelikheid gegee het om die skepping te bewoon, te bewerk, te beheers en te bewaak (Gen 1:27, 28, Ps 8:4-9)
3. dat die mens vanweë sy magsug, eersug, hebsug en genotsug die ganse skepping in wanorde en chaos gedompel het en dat die duidelike tekens daarvan oral te sien is in gebroke verhoudings van die mens met God en sy medemens en in vernieling en selfs vernietiging van die omgewing en natuur (Gen 3:17-19, Rom 8:19-22, NGB, art 14)
4. dat God in Jesus Christus en deur sy Gees 'n nuwe begin in hierdie stukkende wêreld gemaak het en dat Hy aan mense nuwe harte gee om in alle opsigte nuut te dink en te lewe (Op 21:5) verder dat sy koninkryk van vrede, vryheid en heelheid aangebreek het en dat Hy ons as mense in hierdie proses van heling en vernuwing betrek
5. dat Hy uiteindelik – deur die oordeel heen - 'n nuwe skepping belowe en dat Hy ons as mense oproep om nou reeds in daardie rigting te lewe en daarheen op weg te gaan (2 Pet 3:10-13, Op 21:1-5)
6. dat die tyd aangebreek het dat, waar in die verlede besondere aandag gegee is aan die herstel van die mens se verhouding tot God asook die herstel van mense se verhoudings onderling, daar ook gefokus moet word op die mens se verhouding tot die geskape werklikheid (Deut 22:6, Spr 12:10-11).



**Ons is diep besorg oor**

1. die ongebreidelde bevolkingsaanwas van baie volkere op aarde wat toenemende en onhoudbare druk op die aarde se beperkte hulpbronne en lewensonderhoudstelsels plaas
2. die toenemend-onvolhoubare vlakke van uitbuiting en besoedeling van die biosfeer, atmosfeer en hidrosfeer deur die mens in sy selfsugtige soeke na meer hulpbronne en energie ter wille van ekonomiese welvaart
3. die genadelose wyse waarop sommige lande, organisasies en individue voortgaan om die omgewing te vernietig ter wille van eie gewin, en
4. die uiters oneweredige verspreiding van welvaart op aarde, sodat sommige mense in ellende en hongersnood verkeer terwyl andere in oorvloed en oordaad lewe.

**Wat Suid-Afrika betref**

Ten spyte van die pogings van verskeie groepe en toegewyde individue om God se aarde te beskerm, is ons besorg oor:

1. die groot koolstofvoetspoor van Suid-Afrika wat ten spyte van internasionale tendense, steeds primêr konsentreer op die ontginning en verwerking van fossielbrandstowwe om in ons energiebehoeftes te voorsien
2. die onvolhoubare uitbuiting van ons mariene hulpbronne deur inheemse sowel as uitheemse volkere en organisasies
3. die verswakkende watergehalte in ons riviere agv swak-funksionerende stedelike afvalwaterbehandelingsaanlegte, asook besoedeling van oppervlak- en grondwaterbronne deur operasionele en uitgewerkte myne, industrieë en die landbousektor
4. toenemende besoedeling van ons grond deur elektroniese-, mediese-, huishoudelike-, industriële- en mynafval
5. onvolhoubare erosie van kosbare landbougrond agv nie-volhoubare bewerkingsmetodes en oorbeweiding
6. die verlies aan biodiversiteit agv 'n voortdurende uitbuiting en vernietiging van die omgewing deur mense
7. die skynbare onvermoë van leiers om die onvolhoubare gaping tussen ryk en arm te verklein.

**Ons doen 'n beroep op alle mense, alle maatskappye, alle nywerhede, alle regerings en alle godsdiensgroepe en kerke in die wêreld**

1. om 'n totale mentaliteitsverandering te ondergaan waarin groter waardering en sensitiwiteit vir die omgewing as skepping van God ontwikkel word
2. om 'n duidelike, ondubbelsinnige en openbare standpunt in te neem teen die enorme besoedeling en misbruik van die skepping van God
3. om ons verantwoordelikheid t.o.v die omgewing na te kom, die besoedeling, vernieling en vernietiging daarvan te staak en verantwoordelike ontwikkelingsprogramme daar te stel ten einde 'n leefbare aarde aan ons nageslag na te laat
4. om 'n eenvoudiger leefstyl aan te leer en groter mededeelsaamheid teenoor armes en minderbevoorregtes te openbaar
5. om 'n gesonde balans tussen bewaring en ontwikkeling te vind wat enersyds die armes sal help om menswaardig te leef maar wat andersyds nie die natuurlike hulpbronne sal uitput en die omgewing onnodig sal skend nie
6. om groter klem te lê op die herwinning en hergebruik van afvalmateriaal
7. om die verpakking van produkte op ekologies-sensitiewe wyse te doen, met besondere aandag aan die uitfasering van plastiek as verpakkingsmateriaal
8. om doelgerig te strewe na die ontwikkeling van alternatiewe, volhoubare energiebronne
9. om kweekhuisgas-vrystellings drasties te verminder om mensgedrewe klimaatsverandering te beperk
10. om gesinsbeplanning op verantwoordelike wyse aan te pak en dat leiers hierin duidelike leiding sal gee
11. om godsdiensgroepe en kerke op te roep om hulle profetiese getuienis in verband met ekologiese vraagstukke duideliker en meer indringend na te kom
12. om voortdurend voorbidding daarvoor te doen dat mense verantwoordelik met die skepping as kosbare gawe van God sal omgaan en dat die koninkryk van God spoedig in sy volheid sal kom

**Addisionele bronne oor die onderwerp**

Die volgende bronne word verskaf om verder oor die onderwerp op te lees. **NB: Die bronne in die afdeling is nie deel van die amptelike standpunt van die GKSA nie en is ook nie noodwendig begronding van die amptelike standpunt van die GKSA nie.**



## DIAKONIE

**Dirk Coetzee**

Die Diakonie het 'n spesifieke taak in 'n gemeente naamlik om die liefde van God sigbaar te maak aan alle mense. Dit kan gedoen word met 'n glimlag, 'n besoek, 'n oproep of hulp van welke aard ookal. Die tradisionele opvatting is dat die Diakonie finansiële hulp aan behoewendes gee, maar uit die skrif en die bevestigings formulier leer ons dat dit maar slegs 'n gedeelte van die Diakonie se taak is.

Die hoof opdrag aan die Diakonie is om die gemeente in staat te stel om liefde aan mekaar te bewys, mekaar te ondersteun en "die gemeente as een gemeenskap in Christus te laat lewe" en "aan almal goed doen," sodat "die liefde van Christus op hierdie wyse openbaar word" en "sorg te dra dat nie een van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie."

Die Diakonale opdrag is 'n opdrag aan elke gelowige en gemeentelid, terwyl die Diakonie daar gestel is om toesig te hou en toerusting te gee in die gemeente se uitvoering van die Diakonale opdrag.

Hoe moet ons as gemeentelede en gelowiges ons opdrag van God benader?

- "almal te besoek en hulle aanspoor om daadwerklike liefde teenoor die medegelowiges en alle mense te bewys"
- "deur elkeen te besoek, sorg te dra dat nie een deur armoede, eensaamheid, ouderdom, siekte of om ander redes van die geloofsgemeenskap vervreem raak nie."

**'n Kort opsomming van die Diakonie se finansies vanaf 1 Februarie 2017 tot 30 April 2017**

**Liefdesgawes ontvang - R83,298.35**

**Hulp verleen - R78,625.58**

**Vaste uitgawes (deurlopende hulp) – R25,450.00**

**Tjek rekening saldo 30 April 2017 – R24,203.47**

Die Diakonie het einde laas jaar 'n suksesvolle projek geloods om fondse te in deur wors te verkoop - ons bedank almal vir die hulp en ondersteuning wat ontvang is met hierdie projek. Ons gaan in die jaar (heel moontlik in Julie) 'n Golfdag aanbied om mense van die gemeente te betrek by die Diakonie en om fondse te in. Ons sal in die komende weke meer inligting deurgee in die Herout hieroor. Ons versoek is dat u asseblief met u diaken sal skakel om uit te vind hoe u kan betrokke raak by ons poging.

Ten slotte - enige geldelike bydra tot die Diakonie se fondse gaan 'n groot verskil maak in baie mense se lewens, en juis die mense wat dit die meeste benodig. Skenkings aan die Diakonie word met oorleg en liefde aangewend om ons gemeente se mense by te staan in tye van nood.
**ABSA Thabazimbi (334-346) 1580 280 001**

# Valse Skrifberoep.

**1) "Die Here pluk die mooiste blomme eerste".**
(Om iemand wat bedroef is, te vertroos.)

Daar staan niks van "die mooiste blomme" in die Skrif nie. Hoe mooi dit ook al klink en hoe graag ook al ons so iets wil hoor van 'n kind of jongmens wat vroeg oorlede is, dit is gewoon net nie waar nie. 'n Vals woord gee vals vertroosting en dit is nie reg nie. In dieselfde kategorie val 'n trooswoord soos: "Die Here het hom/haar nodig gehad."

Vanselfsprekend word dit goed bedoel, maar goeie bedoelings maak nie iets reg nie. En dis teen die wil van die Here dat ons mekaar met leë woorde sal bedien en vertroos. "As iemand spreek, laat dit wees soos woorde van God …" (1 et. 4 : 11). Gesagvol en waar moet óók ons trooswoorde wees - duidelik gegrond op die Skrif - sodat ons nie skuldig is daaraan dat ons mekaar met 'n kluitjie in die riet stuur nie.

**Die jakkalsdraai wat hier gemaak word, is om vir mense te sê wat hulle graag wil hoor, omdat dit hulle beter laat voel. So versuim ons ons plig om met die troosvolle waarheid van die evangelie van Jesus Christus bedroefdes te bedien.**

**2) "Jesus het ook geweld gebruik toe Hy die tempel gereinig het."**
(Om iemand wat geweld gebruik, te regverdig**)**

Al ontmoet die geweldenaar alreeds in Genesis 4 sy ouboet (Kain), is dit natuurlik vir hom soveel beter as hy daarop kan aanspraak maak dat Jesus sy rolmodel is. Die beroep op Jesus se voorbeeld is egter misplaas.



Johannes stel dit duidelik dat hierdie optrede van Jesus deel van sy lydingspad was: "Die liefde vir u huis verteer my" (Joh. 2 : 17). 'n Verdere ondersoek van Psalm 69 (waaruit dié aanhaling kom) maak dit duidelik dat lyding, nie geweld nie, die motief is.Dit is wel so dat Jesus fisies opgetree het, maar dan moet ons ook 'n oog hê vir die beheersdheid en berekendheid van sy optrede. Eers maak Hy vir Hom 'n sweep van toutjies. Geen sprake van fisiese besering van mense of diere nie. Hy jaag hulle wel uit, maar in die beskrywing van die insident val die fokus steeds daarop wat Hy gesê het oor die tempel as die "huis" van sy Vader.

**Die jakkalsdraai wat hier gemaak word, is om die optrede wat beskryf word, te isoleer van die woorde wat daarmee saamgaan en slegs die optrede dan normatief te maak vir eie optrede.**

## 3) Die Bybel sê mos: Beproef alle dinge en behou die goeie."

**(Om verkeerde motiewe te verdoesel. Ons sal maklik sê:"Jong, die Bybel sê mos: Beproef alle dinge en behou die goeie.")**

Dis darem gerieflik as die Bybel so wyd praat - alle dinge - dink net.

Kan dit regtig so wyd wees? En wat beteken "beproef" nou eintlik?

Beteken dit dalk iets soos "beproe"?

Iemand wat hom so op 'n teks beroep, moet eers seker maak presies wat daar geskrywe staan, soos hier: "Blus die Gees nie uit nie. Verag die profesieë nie. Beproef alle dinge: behou die goeie. Onthou julle van elke vorm van kwaad. En mag Hy die God van

vrede, julle volkome heilig maak en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus"      (1 Tess.  5 : 19 - 23)

Deur net 'n bietjie meer van die konteks te lees, kan jy al klaar sien dat "alle dinge" hier oor baie spesifieke dinge gaan, soos profetiese uitsprake wat met die nodige agting en versigtigheid ondersoek moet word;  kwaad wat vermy moet word en die heiligmaking deur God wat bevorder moet word.

**Die jakkalsdraai wat hier gemaak word, is om met oëskynlike beroep op die Skrif jou motief te regverdig en jou eie ding te doen soos jy wil.**

## 4) "Die Bybel sê jy moet aan my onderdanig wees."

**(Om 'n medemens te domineer of te manipuleer.)**

Wanneer 'n mens die Bybel gebruik om iemand anders te domineer of te manipuleer, is dit sonde.  Ons sondige natuur maak dat ons die Skrif wil uitlê soos dit ons pas.  En dit pas ons om iemand in ons mag te hê en daarmee saam op sy skuldgevoel te speel, want sý skuld laat óns regverdig lyk. Een Skrifwoord wat hiervoor nogal misbruik word, is: "Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here" (Ef,  5 : 22).  Wie kan nou stry met wat letterlik geskryf staan?  Tog staan daar net voor dit dat mense wat met die Gees vervul is "aan mekaar onderdanig is in die vrees van God" (vs 21).  Nou hoe kan ons aan mekaar onderdanig wees as net een mag baasspeel?



Die bedoeling is tog seker dat dié wat in Christus glo, uit genade gered is en in 'n nuwe bedeling leef waar ons mekaar dien en bystaan in die gesindheid van Christus.  So leef en beleef ons (ook in ons huwelike) die leiding van die Heilige Gees om nie langer te sondig deur te dwing en te manipuleer nie, maar uit liefde mekaar te help.

**Die jakkalsdraai wat in sulke gevalle gemaak word, is dat ons ons op die Skrif kan beroep om 'n sondige kultuurgebonde status quo te handhaaf, in plaas van die nuwe lewe in Christus te ontgin.**

## <u>Wie moet versigtig wees en hoe kan ons oppas?</u>

Valse Skrifberoep as noodsprong is iets waarteen almal met Skrifkennis moet waak.  Die Here Jesus het veral die Skrifgeleerdes hieroor aangespreek.

Eerstens het Hy gesê:  "Julle vestaan die kuns goed om die gebod van God opsy te skuiwe en julle oorgelewerde gebruike in stand te hou "(Mark.  7 : 9).  So het hulle op grond van hulle eie leerstellings hulle ouers verwaarloos inplaas van om eervol te versorg volgens die Woord van God.  Gebeur dit dalk dat ek aan tradisies, gebruike en dienings vashou, al benadeel of verneder dit my medemens?

### <u>Ondersoek dit wat jy doen en dink en toets dit op hiedie manier:</u>

1) Hoe sal ek voel of reageer as dit aan my gedoen word?
2) Is dit werklik die wil van God?

Tweedens het Hy gesê: "Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarst weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Juis hierdie dinge moet julle doen en die nader nie nalaat nie" (Matt. 23 : 23). Dit is eie aan Skrifmisbruik dat ons puntenerig sal wees oor klein dingetjies inplaas van om erns te maak met dit wat God eerste stel.

Vra jouself: **Hoe belangrik is die dinge waaroor ek myself graag vryspreek, maar ander verooreel?**

## **Samevatting**

Jesus se onderrig gee vir ons duidelikheid:

Die jakkalsdraaifasade van valse Skrifberoep is maar net nog 'n wegsteekplek vir 'n onbekeerde of onseker hart. Of dit nou gaan oor troos wat gebring word, eie optrede wat goedgepraat word, motiewe wat verdoesel word of my medemens wat misbruik en gedomineer word, of watter ander vals Skrifberoep daar ook al mag voorkom, daar is darem een ligpunt*: Ook die een wat die Skrif misbruik, kan tot bekering kom.*

Ds. JA(Johan) Schutte (Geref. Kerk Sasolburg)

Fokusartikel - Die Kerkblad (Augustus 2011



## Gereformeerde Kerk Ysterberg se Kerkgebou vorder

Die om en by 150 Tswanasprekende lidmate van die Gemeente werk hard om hulle kerkgebou in Regorogile voltooi te kry. Die eerste fase was n staaldakstruktuur met gedeeltelike sementvloere. Met R24000.00 wat hulle self ingesamel het, is die ontbrekende vloere pas as tweede fase volledig gegooi en nou begin die derde fase naamlik die toebou-mure met deure en vensters sodat hulle darem teen die elemente beskerm is.

Ons ouderling Tjaart Coetzee het hulle met die saamstel van die materiaallys gehelp en dien ook as bou-adviseur. Hierdie derde fase word grtontendeels bekostig deur skenkings wat uit Kanada van medegelowiges ontvang is. Dit is lidmate onder Ds. Giep Scheepers onder wie se leiding Ysterberg – gemeente destyds hier in Regorogile ontstaan het.

Die gemeente het pas ‘n eie Nedbank “Club Account” geopen: Gereformeerde Kerk , rekeningnommer : 2010750845 (Takkode 101224)

Van ons lidmate wat belang sou stel om die bouwerk te gaan besigtig of sommer net belanstelling te gaan toon, kan met my of ouderling Tjaart Coetzee of Louis Scheepers inverbinding tree.

Groete Ds. D Laufs

## Reseptehoekie

## Mielie en Hoenderkerrie

(Jy braai die mielies en maak dan kerrie daarmee.)

**Bestanddele**



30ml Olyfolie

1 Ui, fyngekap

2 Knoffelhuisies, fyngekap

20ml Masala

20ml Borrie

45ml Kerriepoeier

18 Ontbeende hoenderdye in blokkies gesny

1x 400ml-blik Klappermelk

4 mielies

1 hand vol vars koljander, fyngekap

Sout en varsgemaalde swartpeper

- Verhit olyfolie in ‘n middelslagpot tot warm.
- Voeg uie en knoffel by.
- Braai 5 minute tot goudbruin.
- Voeg masala, borrie en kerriepoeier by.
- Braai nog 3 minute. Voeg hoender by en braai.



# Maak jou eie pallet hangbed.

# Ontspan in die tuin op ‘n gemaklike swaai bed.

